

KURSUS IN STUDIEMETODES

Ons wil graag die volgende inligting en wenke aan u as ouers deurgee.

- U kind se ouderdom, selfstandigheid en algemene persoonlikheid sal bepaal in watter mate u hom/haar moet bystaan en aanmoedig met huiswerk en leerwerk vir toetse en eksamens.
- U behoort altyd belangstelling in u kind se skoolwerk en skoolbedrywighede te toon deur met u kind daarvoor te gesels. Toon u betrokkenheid deur skoolbyeenkomste by te woon: u kind waardeer dit. Navorsing het bewys dat kinders van ouers wat by die skoolaktiwiteite betrokke is meer positief teenoor die skool en hulle skoolwerk is as kinders van ouers wat nie belangstelling in die skool toon nie.

Waarvoor kan u as ouers sorg?

- Indien moontlik behoort u kind 'n eie werkplek (tafel, lessenaar, ens) te hê vir sy skoolwerk. 'n Goeie lig en stilte wanneer nodig is ook belangrik.
- U kind moet weet dat u skoolwerk belangrik ag. Moet egter nie te veel druk op u kind plaas om al beter te presteer nie. Positiewe aanmoediging werk altyd!
- Help u kind om 'n leergewoonte te ontwikkel – vestig 'n patroon van gereeld werk en help hom/haar om 'n leerkultuur te ontwikkel. Moet asseblief nooit u kind se skool of onderwysers in 'n swak lig stel nie: u kind wil graag trots wees op sy skool en sy onderwysers.

Wat u kind se studiemetodes betref

- U kind moet verstaan wat hy/sy leer.
- Herhaling is belangrik, want só word inhoude goed vasgelê.
- Help u kind om die kernfeite van die leerstof te orden tot 'n skema
- Dit is baie belangrik dat u kind met genoeg rofwerkpapier en 'n skryfding in sy/haar hand sal leer. As hy deurentyd die hoofpunte moet neerskryf terwyl hy leer dwing dit hom om te konsentreer ('n mens kan nie skryf as jy nie konsentreer nie); dit wys terselfdertyd vir hom wat hy reeds ken en wat nie; dit help hom om die werk beter te onthou, want hy herhaal dit aktief.

Wat is nodig vir suksesvolle studie:

- Verstand: dit is wel belangrik, maar 'n paar ander dinge is net so belangrik.
- Motivering: jy moet die wil en die lus hê om te werk.
- Konsentrasie: jy moet in staat wees om al jou aandag by jou werk te bepaal. Daar is metodes om jou hiermee te help.
- Deursettingsvermoë: Dit is die vermoë om aan te hou en aan te hou.

Waar studeer u kind?

- Op 'n stil plek, sonder radiomusiek of ander steurende geluide
- By 'n skryftafel, met genoeg rofwerkpapier en 'n skryfding.
- Met 'n horlosie byderhand, want jy kompeteer met hom om die werk klaar te kry.

Hoe studeer u kind?

- Studeer dwarsdeur die jaar en nie slegs kort voor toetse en die eksamen nie. Werk wat goed geleer en weer geleer word, word beter onthou. Herhaal die werk (al ken jy dit) met behulp van die skema.
- Werk vir 'n bepaalde periode (bv. 30 minute) en maak dan 'n kort pouse.

- Sorg vir ontspanning tussen die studieperiodes
- Moet nie op 'n gemakstoel of op die bed sit en leer nie. Dit is bedoel vir ontspanning.
- Sorg dat jy die werk verstaan wat jy leer (anders is dit sinlose leerwerk)
- Maak seker dat jy vlot kan lees en verstaan wat jy lees.

1. DIE STUDEER-AKTIEFMETODE

- **Die belangrikste probleme van 'n leerder**
Drie van die belangrikste probleme wat jy as leerder kan hê, is (1) 'n probleem om op die werk te konsentreer, (2) om die werk te verstaan (te begryp), en (3) om te onthou wat jy geleer het.
- **Die oplossing van “die konsentrasie-probleem”**
Gebruik reg van die begin van jou leerwerk af 'n skryfding en rofwerkpapier. Om iets te kan neerskryf moet jou volle aandag by die skryfproses wees. Daardeur dwing jy jouself om te konsentreer op wat jy doen.
- **Die oplossing van “die verstaan-probleem”**
Lees baie noukeurig wat geskryf staan en probeer om die belangrikste (hoof-) gedagte raak te sien. Kyk dan vir kleiner gedagtes wat jou meer vertel van die hoofgedagte.
- **Die oplossing van “die vergeet-probleem”**
As 'n gewone persoon nuwe werk leer tot hy dit net-net ken, dan vergeet hy omtrent die helfte daarvan binne 24 uur. Vier van die beste metodes wat jou kan help om werk beter te onthou, is (1) assosiasie, (2) leer- of geheuetegnieke, (3) herhaling en (4) gedagtekaart.
 - *Assosiasie* van nuwe feite met bekende feite is die vasbind (koppeling) van die nuwe feite aan iets wat jy reeds ken, d.m.v. 'n prentjie, skets, die klank van 'n woord of omdat dit jou aan iets laat dink.
 - *Leer- of geheuetegnieke* word toegepas wanner jy bv. Die eerste letters van 'n paar dinge wat jy wil onthou neem en dan nuwe woorde maak wat met die eerste letters begin, totdat jy 'n “snaakse” sinnetjie het wat jy maklik kan onthou. Arme ek is oupa uil (5 klinkers). Soms maak die groepie eerste letters sommer self 'n nuwe, snaakse woord, bv. ROGGBIV (die kleure van die reënboog).
 - *Herhaling* beteken presies wat die woord sê. Elke keer wat jy die werk nog 'n keer leer sal jy dit beter onthou. Dit is veral belangrik om nie op te hou leer as jy die werk net-net ken nie.
 - *'n Gedagtekaart* is 'n kreatiewe, innoverende manier om idees wat aan mekaar verwant is, voor te stel. Hoe trek jy 'n gedagtekaart? Besluit eerstens wat jy wil voorstel. Skryf die idee op die middel van 'n bladsy of kaart neer en trek 'n sirkel of vierhoek daarom. Voeg verskillende takke by, sodat jy elke verwante idee daarmee kan verbind. Bring nou sleutelwoorde en ander detail

op die takke van jou gedagtekaart aan. Voeg simbole en prentjies by sodat jy dit makliker kan onthou.

2. MAAK 'N SKEMA

Hoe kan jy met sukses studeer? Daar is baie metodes, maar sekere basiese dinge is in alle metodes dieselfde. Gebruik die metode wat hier beskryf word en pas dit aan om by jou eie styl te pas.

- Deel van die vak op in temas of aparte onderwerpe. Neem dan een tema op 'n keer as jy dit wil leer.
- Nou gaan maak jy 'n raamwerk van al die paragrawe, hoofgedagtes en kleiner stukkies inligting van die tema.
- Skryf die opskrif van die tema bo aan 'n skoon vel papier.
- Kry 'n algemene idee van waaroor die onderwerp handel; kyk na paragrawe se opskrifte en lees die eerste sin van elke paragraaf.
- Vra vir jouself vrae oor die onderwerp – enige vraag wat begin met “waarom, wanneer, hoeveel”, ens.
- As die eerste paragraaf 'n opskrif het skryf jy dit neer en nommer dit 1. As die paragraaf nie 'n opskrif het nie lees jy dit deur en kyk waaroor dit gaan en gee dit 'n opskrif.
- Soek nou die eerste hoofgedagte in die paragraaf. Skryf dit neer onder paragraaf 1 se opskrif en nommer dit 1, maar skryf dit 'n entjie weg van die kantlyn.
- Kyk nou of daar kleiner stukkies inligting is wat jou meer vertel van die hoofgedagte. Skryf dit onder hoofgedagte nommer 1 neer en nommer dit ook 1. As daar meer stukkies inligting is nommer jy dit 2,3 ens en skryf dit neer.
- Jou skema begin nou só lyk:

Opskrif

1. Paragraaf se opskrif
 1. Eerste hoofgedagte
 1. Eerste kleiner gedagte
 2. Tweede kleiner gedagte
 2. Tweede hoofgedagte
ensovoorts

- Voltooi die skema vir die hele onderwerp. Nou het jy al die belangrikste feite in jou skema. Die eksaminator se memorandum werk op dieselfde manier as jou skema. Hoe belangriker die inligting (feite) hoe meer punte kry jy daarvoor, byvoorbeeld paragraaf opskrifte tel 3 punte, hoofgedagtes 2 punte en kleiner gedagtes 1 punte elke.
- As die skema of raamwerk voltooi is gaan nog een keer deur die werk om seker te maak dat jy nie iets belangriks uitgelaat het nie.
- Al wat nou oorbly is om die skema in jou kop te kry. As jy die skema ken is dit maklik om in die toets of die eksamen die feite weer mooi te beskrywe soos dit op die vraestel gevra word.

3. HOE LEER JY DIE SKEMA?

- Gebruik die vier metodes naamlik assosiasie, leer- geheuetegniek, herhaling of gedagtekaarte om die skema te leer.
- Werk altyd met 'n skryfding en rofwerkpapier. Dit dwing jou om te konsentreer.
- Begin deur die belangrikste dele van die skema eerste te leer, m.a.w. die paragraafopskrifte. Gebruik assosiasie en leertegnieke daarvoor. Vir die tema “Pligte van die elektriese ingenieur” kan jy die assosiasie van ‘n Eskomkragpaal met 7 staalbalke gebruik. Of vir “Die Vryburgers” ‘n skets van ‘n spitvurk met 4 tande.
- Skryf die beginletters van al die paragrawe onder mekaar neer en maak nou jou eie “snaakse” sin met woorde wat elke keer met die paragraaf se eerste letter begin. (Meneer Van As my jas sal u nie pas).
- Probeer reg van die begin af die opskrifte uit jou kop neerskryf op die rofwerkpapier. Kyk dan na die skema om te sien waar jy verkeerd gegaan of dinge uitgelaat het. Probeer dit weer uit die kop neerskryf. Elke keer sal dit beter gaan, want die skets en die geheuetegniek-sinnetjie help jou om die feite te onthou. Intussen is jy ook besig om die werk te herhaal. Daarby verseker die skryfwerk dat jy dink wat jy doen.
- As jy die paragrawe se opskrifte ken, dan takel jy elke paragraaf apart en leer sy hoofgedagtes en kleiner gedagtes op dieselfde manier, m.a.w. deur dit neer te skryf en te herhaal tot jy dit ken.
- As jy die hele skema ken, kyk jy na ‘n paar uur of jy dit nog ken; dan weer die volgende dag. As jy dit só leer sal jy dit vir ‘n lang tyd onthou.
- In die toets of die eksamen gebruik jy die patroon van jou skema om die vraag volledig te beantwoord. Jy kan gerus jou feite in jou antwoord nommer soos in jou skema – dit wys jy het die onderwerp goed verstaan.

4. HOE OM SYFERVAKKE TE LEER

- Gaan altyd jou werk so gou as moontlik na klasse weer na!
- Kry ‘n geheelbeeld van dit wat gedoen is: Kyk na die titels van hoofstukke, onderafdelings, paragrawe. Bestudeer grafieke, diagramme en tabelle.
- Lees, dink en doen:
- Teorie: Lees en ontleed simbole versigtig. Leer feitekennis totdat jy dit van buite ken. Onthou om alle werk binne 24 uur te herhaal. Gebruik kleurpenne om belangrike beginsels te laat uitstaan.
- Probleme: Doen voorbeelde (moet NOOIT slegs daarna kyk of dit bloot deurlees nie!), sê wat jy doen, gee redes vir alles wat jy doen. Stel jou eie voorbeelde op, maar gebruik ander waardes.
Deel jou bladsy in twee; gee soos volg redes vir alles wat jy doen:

$$2x+6=12$$
$$x2=6$$

Trek weerskante 6 af.

Doen 'n verskeidenheid van probleme. Kyk op hoeveel verskillende maniere jy een som kan oplos. Doen gemengde voorbeelde, en probeer om die tipes probleme te identifiseer en benoem.

- Opsomming of raamwerk. Trek nou 'n raamwerk met gedagtekaarte op. Gebruik een oppervlak om 'n geheelbeeld te kry. Hou dit so kort as moontlik. Gebruik kernwoorde, prentjies, kleure, drukskrif en diagramme.
- Lees die probleem (onderstreep dele daarvan) totdat jy verstaan wat gegee en gevra is.
- Maak 'n plan om die probleem op te los.
- Sit jou plan om in 'n "roetineprobleem".
- Voer die plan uit.
- Kyk terug: toets jou antwoord.
- Doen 'n verskeidenheid vrae – gebruik ou toetse, vraestelle, klasaantekeninge, werkkaarte en handboeke.
- Hersiening (leer deur herhaling). Leer alle definisies wat jy nie sonder hulp van die handboek of aantekeninge kan herhaal nie weer, totdat jy dit van buite ken.
- Verkry 'n balans tussen die uitwerk van voorbeelde en die leer van teorie. Moet nooit een ten koste van die ander doen nie.

Om op te som: In syfervakke behoort jy daaraan aandag te gee om probleme en voorbeelde aktief voor toetse en eksamens op te los, om herhaaldelik voorbeelde uit te werk, om leerwerk deeglik onder die knie te kry en nooit blote memorisering in die plek van die aktiewe oplos van probleme te stel nie.

5. HOE OM TE PRESTEER

Hier volg 'n paar goue reëls:

- Glo in jou eie vermoë om te presteer.
- Praat met jou maats oor die werk, werk in groepe. Kom gereeld bymekaar en bespreek jul werk. Verduidelik die werk vir mekaar.
- Verduidelik jou werk (of sê feite op) vir jou ma, pa, suster, broer, maat, hond, kat. Dit moet verkieslik (maar beslis nie noodwendig nie) iemand wees wat meer as jy van die werk af weet, wat jou kan reghelp.
- Leer hardop; neurie sommer woorde, formules en sinne.
- Bespreek persoonlike probleme met iemand wat jou kan help om dit op te los sodat dit nie in die weg van jou prestasies staan nie.
- Moet jou nooit aan party maats steur wanneer hulle sê dat hulle niks geleer het nie, terwyl hulle steeds goed vaar.
- Probeer reeds tydens jou voorbereiding uitvind watter dele van die werk jy nie verstaan nie, en om moontlike toets- en eksamenvrae te identifiseer.
- Onthou dat jy nie dom is as jy werk nie onmiddellik kan onthou of verstaan nie. Die meeste werk moet maar met oefening en deur konsentrasie bemeester word.
- Beplan jou tyd reg. Sekere vakke verg meer tyd as ander. Stel 'n volledige studierooster op – vra jou onderwyser, ouer of 'n maat wat goed presteer om jou daarmee te help.

6. ALGEMENE WENKE

- **Wanneer jy studeer:** Sorg vir die regte temperatuur, vir genoeg lug en lig. Sorg dat jy nie in jou liggaamskaduwee studeer/skryf nie. Probeer om nie te lê en leer nie! Moenie probeer om jou studieplek te verander voor 'n eksamen nie. Vermoed dit om voor 'n venster te studeer, veral as jou aandag aanhoudend deur mense / voorwerpe buite afgetrek word. Leer ontspanningstegnieke aan as jy oormatige vrese ervaar omdat jy konsuis “nie gaan deurkom” of “nie die werk ken nie”. Maar onthou alle stres is nie nadelik nie. Die adrenalien wat jy afskei, spoor jou juis aan om jou beste te lewer.
- **In die eksamenlokaal:** Lees elke vraag deeglik deur en maak seker dat jy presies weet wat gevra word. As jy onseker is oor een of meer vrae, ontspan – jou maats sal heel waarskynlik ook daarmee sukkel. Doen in elk geval dit wat jy makliker vind eerste. Moenie paniekbevange raak as jy miskien 'n “blank strike”, skielik voel dat jy niks weet nie. Ontspan, kyk na iets groen, dink aan iets aangenaams uit jou verlede. Na enkele minute sal die gedagtestremming wel vanself verdwyn. Moenie jousef bly verwyd as jy vrae nie kon beantwoord nie – voel eerder goed oor elke vraag wat jy wel kon beantwoord. Ontspan nadat jy geskryf het; wees goed vir jousef. Beloon jousef met iets wat vir jou lekker is.